

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

ds. PJ Kriel

07.05.2106

Inhoud Omdat God self goddeloses jag en in die mag van hul eie sonde vasvang, hoef gelowiges nie uit vrees vir geweld hulle amp in diens van God te verlaat of sy diens te versaak, om hul self so teen goddeloses te beveilig nie.

Skriflesing Ps. 11

Teksvers “Ek skuil by die Here. Hoe durf julle vir my sê: “Vlug na die berge soos ’n voël!”

Tema. Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly.

1. “Ek skuil by die Here!”

Hierdie geloofsbelydenis was ook die vertroue waarin ons hierdie week as kerklike gemeenskap in hierdie Levubu vallei geleef het teen die aanvalsbende. Die aanvalsbende wat ons wou binneval om te brand en te plunder en die voortgaande sabotasie teen ons elektriese kragtoevoer.

In plaas daarvan dat ons soos beangste patryse wat gejag word, verskrik weggefladder het, as gevolg van hierdie dreigende geweld om ons, het ons ons self en ons eiendom beskerm en met ons lewenstaak voortgegaan.

Dit is hierdie lewenshouding wat Dawid verklaar met die minagting teen die raad van dïe wat in skrikbeelde glo: “Hoe durf julle vir my sê: “Vlug na die berge soos ’n voël.” Hierdie vrymoedige volharding in jou amp en diens vir God is die lewe wat Habakuk en Paulus in Romeine beskryf as “die regverdige sal uit die geloof leef.”

Kom ons kyk hoe Dawid God vertrou het in die dreigende geweld van goddeloses en wetteloses.

2. Wat is die karakter van die geweld teen Dawid?

Dit word in met digterlike taal beskryf as goddeloses wat met ’n boog, die pyl klaar op die boogsnaar gespan het en korrel om die hart van die regverdige. Digterlik word hierdie jagtersbeeld dan verder uitgebou met die beeld van om uit die donker hierdie pyl op die hart van die regverdige te korrel.

Hierdie beeldende taal wil nie realisties wees nie, want jy kan eintlik nie in die donker met pyl en boog skiet nie. Dit gaan oor kunsbeelde wat meer as realistiese vertellings kan kommunikeer.

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

Die pyl wat gespan is, is die berekende kwaad, gefokusde kwaad wat hierdie goddelose mens die regverdige wil aandoen. Die beeld van uit die donker dui op die verraderlikheid en die verskuldheid waarin hierdie berekende kwaad gefokus is.

Dit het ons hierdie week weer gesien.

Wat was die sogenaamde protesoptog wat deur Levubu wou marsjeer?

Binne die voorwendsel van 'n protesoptog was dit 'n aanvalsmag wat Levubu wou binne marsjeer om ook in Levubu geboue na hartelus af te brand soos wat hulle dit in Kuruleni, Vyeboom, Majosi, Masia, Mashau, Tshavani en ander gebiede gedoen het. Die doel van die aanvalsmag was besetting soos elke ander gebied wat van die gesag van die land geïsoleer word onder die skrikbewing van anargiste.

'n Aanvalsmag op die gemeenskap met die doel van anargisme, onder polisie begeleiding asof dit 'n protesoptog is.

Luister of u dit nou in die Psalm kan hoor: Hulle lê aan met die pyl op die snaar; hulle staan reg om uit die donker die hart van die opregtes te tref.

3. Wie is die opregte en wat is hierdie hart van die opregte waarop die goddelose aanlê met sy gefokusde geweld?

Calvyn het al in sy uitleg van hierdie Psalm byna 500 jaar gelede gewys dat dit gaan oor die pos waarin God Dawid aangestel het om God te dien.

Dawid het nie 'n verkiesingsveldtog gehou om koning te word nie. Hy was 'n skaapwagter wat as kunstenaar hom met musiek en digkuns besig gehou het. Toe is hy ingrypend deur die profeet Samuel gesalf as koning. God het Dawid vir hierdie amp en diens gekies en aangewys.

Die hart van die regverdige is die geloof in die amp en diens waarin God hom stel om vir Hom te werk. Dit is die geloof waaruit 'n regverdige leef: ek mag en kan God dien in die posisie waarin God my geplaas het in die gemeenskap, want my diens en liefde is vir God goed en reg.

Dit is juis teen hierdie hart waarop die goddelose sy pyl van kwaad en geweld span.

Dit was die fokus van hierdie aanvalsmag. Om die hart van hierdie vallei te tref, die diens en produksie en die amp waarin ons staan wat ons boere en ondernemers in die gemeenskap maak.

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

4. Hoekom is Dawid oënskynlik so weerloos teen hierdie geweldsplanne teen hom volgens die mense wat hom aanmoedig om voor die geweld te vlug?

In vers 3 stel sy raadgewers dit aan hom met hierdie vraag: “As die fundamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen?”

Hiermee wys hulle Dawid op sy totaal magtelose posisie voor hierdie skrikbeeld van geweld.

Die fundamente in die Psalm wys na mense wat in openbare poste aangestel is om deur hulle diens en geregtigheid 'n ordelike en wetgehoorsame gemeenskap te skep en te bestuur.

In die tyd van stryd tussen Dawid en Saul was dit die mense wie reg moes handhaaf. Hulle moes die koning keer om nie die owerheid op te eis vir sy persoonlike drif om die mag vir sy eie familie te probeer annekseer nie.

Dit is mense in die openbare ampte om wet, orde en dienslewering te verseker. Dit is volgens die Woord van God die fundamente van 'n geordende en welvarende gemeenskap.

Volgens Dawid is hierdie persone en die werk wat hulle doen korrup. Daarom is daar vir Dawid nie meer 'n geordende gemeenskap waarin hy hom op wet en orde, reg en geregtigheid kan beroep nie.

Hierdie fundamente is doelbewus ondergrawe en ondermyn deur goddelose mense om juis geweld as magsmiddel binne die gemeenskap te bevestig en te gebruik.

Sonder wet en orde is dit nie die mense wat werk en reg handhaaf wat gesag het nie, maar die wettelose wat deur geweld mag het. Dan is anargie en anargisme die wyse van regering.

5. Dit was die werklikheid wat ons elkeen aangegryp het met die berig dat 'n aanvalsmag opruk na Levubu toe: die fundamente van wet en orde wat ons op moet staat maak is ondermyn.

In ons eie huidige situasie moet ons hierdie fundamente wat ondermyn is deeglik verreken sodat ons nie ons self misgis met die posisie waarin ons in hierdie vallei verkeer nie.

Die beeld van etniese konflik wat nou skielik voorgeleef en voorgehou word, is 'n waanbeeld van die werklike probleem: die fundamente wat ondermyn is.

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

Hoekom is munisipaliteite die fokus van hierdie anargie van brand en plunder en die anargisme van afgesperde gebiede?

6. Wat is 'n munisipaliteit?

Dit is 'n instelling van 'n spesifieke gemeenskap in 'n spesifieke gebied wat deur die gemeenskap met belastinggeld geskep en onderhou word om openbare dienste aan die gemeenskap te lewer.

Dit is die fondament van 'n geordende gemeenskap: belastingbetalers wat openbare dienste finansier en in stand hou.

7. Hierdie fondament is egter al amper twintig jaar gelede deur die owerheid self ondermyn. Hulle het in die plek van munisipaliteite iets anders geskep en ingestel: politieke distrikte wat hulle munisipaliteite genoem het.

Wat is 'n politieke distrik?

Dit is 'n magsgebied waar mense wat altyd erfbelasting betaal het, en nog steeds verplig word om erfbelasting te betaal, ingesluit is binne 'n baie groter gebied waar mense bly, maar geen erfbelasting aan hierdie munisipaliteit betaal nie.

Die geld wat die belastingbetalers dan betaal word nie meer vir dienslewering aangewend vir die wat dit betaal nie, maar herverdeel tot voordeel van mense wat nooit hoef belasting te betaal nie.

Die beeld van armoede binne ons omgewing is vals. Dit is partykeer die ryk raadslede wat in hierdie munisipaliteit hierdie geld herverdeel en dan na die vergadering na 'n huis ry in 'n deel van hierdie distrik waar hy self nie erfbelasting betaal in die gebied waarvan hy die geld tot sy voordeel aanwend nie.

Met hierdie korrupsie is hierdie fondament, 'n munisipaliteit, ondermyn.

Hoekom dink u wil die gebiede wat onder Louis Trichardt is nie onder Malamulele wees nie? Binne die selfwaan van mense wat nie meer kontak met die werklikheid van hierdie land het nie sal hulle weer probeer om dit 'n wit en swart kwessie te probeer maak.

Maar hier gaan dit nou oor sogenaamde swartes wat veg om deel van sogenaamde wittes te bly en nie met ander swartes te wil verenig word nie!

Die werklike rede is dat nie in Malamulele of Thohoyandou effektief erfbelasting betaal word nie. Dit is nie omdat hulle arm is nie. Nie een van hierdie

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

drieverdiepinghuise en huise waarvoor die BMW's die Mercedesse en Range Rovers staan, betaal in hierdie sogenaamde munisipaliteite effektief erfbelasting soos in Louis Trichardt volgens die waarde van die erf en gebou nie.

Dit is leë doppe sonder geld wat herverdeel kan word en almal weet dit!

Hulle gaan geen voordeel kry uit magsgebiede wat geen dienste lewer nie en waaruit geen geld geplunder kan word en herverdeel word nie, terwyl dit opgeëis word as erfbelasting vir dienste.

Hulle word uit die plundering van Louis Trichardt se erfbelasting uitgesluit.

7. Nog 'n fondament wat die owerheid self ondermyn het, is regmatige grondbesit.

Die owerheid het die werksaamheid van die komitee wat aan elke inwoner in Venda en Gazankulu is, kaart en transport sou gee van die huis en erf wat hulle in woon, op aandrang van die stamkapteins, wat met geweld gedreig het, van die tafel gevee.

Hierdie eis van die stamkapteins is om daardeur alle mag te behou oor mense wat nie deur die regmatige besit van hulle eie eiendom, kan koop, verkoop, trek en verplaas word na ander dele van die land nie.

Met kaart en transport sal mense huise verkoop en in vryheid op enige plek in Suid Afrika kan gaan bly. Mense wat nie Vendas of Shangaans is, sal hier koop en so sal stamme in munisipaliteite verander wat geen verband het met die stam nie.

Daarom besit nie een van die wettige eienaars van 'n hut tot 'n drieverdieping gebou in hierdie gebiede kaart en transport nie. Hulle is lewenslank vasgevang in die mag van die kaptein.

'n Kaptein wat elke maand R 11,000.00 as salaris van die owerheid ontvang, nie uit sy stam nie, maar uit die belasting geld wat in Levubu gegenereer word uit die diens wat ons skep, deurdat ons op ons pos is.

8. Nou wil die owerheid stamgebiede munisipaliteitsgebiede maak! Munisipaliteite soos in die res van die land waar mense regmatige eienaars van hulle eie eiendom mag wees. Munisipaliteite in gebiede waar geen effektiewe belasting betaal word nie!

Daarmee saam het die owerheid die magte waarmee hy wet en orde moet handhaaf so ondermyn en verdag gemaak met insidente soos Marikana, dat polisieledes byvoorbeeld nie meer die vrymoedigheid het om wet en orde te handhaaf nie, of

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

munisipale amptenare meer die vrymoedigheid het om hulle werk onbevange te doen nie.

Die owerheid het die instansie geword wat die fundamente ondermyn en daardeur die geweld bekragtig van hulle wat uit die donker met 'n gespanne pyl op die hart van alle regverdiges mik, in Levubu, én Venda én Gazankulu.

Die persone wat hierdie geweld aanhits, waarskynlik sakemanne wat munisipaliteite wil hê en stamowerhede wat dit nie wil hê nie, is die instansies wat deur ons diens 'n maandelikse salaris uit die staatskas of munisipaliteit trek. Die mense wat hulle laat glo hulle is 'n aanvalsmag, is werkloses wat na die demonstrasie weer in Levubu kom werk soek!

8. Almal rondom Dawid sê vir hom: Vlug! Vlug weg van jou pos na die berge toe! Die manier waarop mense uitroep dat hy moet vlug en die manier waarop hy moet vlug word besonder beeldend beskryf: soos 'n fladderende verskrikte en beangste patrys wat in die oop veld gejag word en moet skarrel vir die veiligheid van die bebosde bergwoude!

Vlug want wetteloses wil jou met geweld aanval en die instellings wat wet en orde moet handhaaf is verlam!

Die skrikbeeld waarin hierdie beangste vlugkreet uitgeroep word, is dat die onmag en geweld waarin die mense voel dat hulle lot deur hierdie dreigende geweld verseël is.

Dit is ook die magtigheid van goddeloses: die geloof dat jy onmagtig aan hulle geweld uitgelewer is omdat hulle alle fondament van reg en orde ondermyn het. Die geloof dat hulle wetteloosheid het jou lot verseël!

Hierdie vlugkreet gaan spesifiek daaroor dat jy van jou diens en pos moet afstand doen vir jou eie veiligheid. Dit is die hart van die regverdige waarteen hierdie geweld fokus: om in jou hart nie meer te glo in jou diens en pos as God se wil nie, maar deur hierdie dreiging in 'n godverlatenheid jou amp en diens op te gee.

Vlug uit wie God jou voor gemaak het en voor gebruik in sy diens!

9. Dit is teenoor hierdie angste en verskriktheid wat Dawid dan die geloofsbelydenis maak oor sy openbare posisie in die wêreld: Ek skuil by God en bly op my pos besig met my dienswerk!

U mag nie hierdie geloofsbelydenis verkeerd hoor nie!

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

Dawid sê nie vlug julle maar berge toe, ek gaan na God toe vlug nie. So asof hy dan beangs en verskrik sy pos verlaat om na God toe te hardloop.

Skuil beteken dat hierdie dreigende geweld gaan my op geen manier van my pos en diens wegkry wat ek teenoor God besig is om te vervul nie. Ek is deur God hiervoor aangestel. Hy is die Een wat my in hierdie diens bewaar.

10. Hoe kry hy dit reg om in hierdie vertrouwe in God so staande te bly?

Dit gaan oor die werklikheid van wie staan teenoor wie in hierdie wêreld! Staan goddeloses met hulle geweld teenoor die magtelose regverdiges?

Of staan goddeloses voor God wat hulle haat en regverdiges voor God wat hulle liefhet?

Dit is die openbaring van wie God is wat Dawid God as sy skuilplek laat ken.

Sonder enige onduidelikheid word God se openbaring van wie hy in hierdie wêreld is in die Psalm só openbaar: God haat goddeloses wat geweld liefhet en God het die regverdige lief!

Dit is die werklikheid van wie God in hierdie wêreld is en hoe Hy God in hierdie wêreld is: Hy haat goddeloses en het regverdiges lief. Ons mag nie met hierdie versteurde geestelikheid leef dat Jesus hierdie wyse waarop God, God is, sou kom verander het so asof God nie meer goddeloses in hulle geweld haat nie maar almal nou somer almal ewe lief sou hê nie.

En Dawid weet hy is vir God 'n regverdig wat in God se diens binne God se liefde leef!

Daarom sluit hy hierdie Psalm af met "Hy sal by hulle wees." Die Hebreeus beteken hulle sal God se gesig sien, bedoelende binne die verbondsliefde van God vir sy kinders, is hulle dít wie Hom ken vir sy liefde en trou. Daarom Hy is en bly met ons!

11. Hierdie onderskeid word nog verder so gemaak: Die Here is in sy Heilige tempel op aarde en die Here is op sy troon in die hemel!

Ons mag nie hierdie onderskeid sien asof God binne in 'n kerkgebou is en op sy troon in die hemel nie. Salomo het al met die inwyding van die tempel al verklaar dat die tempel nie God se blyplek op aarde was nie.

Die onderskeid gaan oor hoe God vir sy kinders in die wêreld teenwoordig is en hoe Hy as God vir goddeloses in hierdie wêreld teenwoordig is!

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

Die Here wat ons hier in die kerkgebou aanroep, is vir ons altyd die Here wat in sy heilige tempel is, nie in die kerkgebou nie. Orals is God vir ons die Heilige wat vir ons toeganklik is en wie ons enige tyd en plek as die Heilige kan nader, aanbid, loof dank en al ons behoeftes en nood voor hom kan uitstort.

God se Heilige tempel is Hyself wat altyd vir ons as sy kinders as God in liefde ontvang, aanhoor en in sy liefde lei, bewaar, gebruik en diensbaar laat wees.

12. God op sy troon in die hemel beskryf die volmag en almagtigheid waardeur dieselfde Here oor alles en almal deur sy wet regeer, nie deur sy verbondstrou nie.

Dit is hoe God die onderskeid maak tussen hulle vir wie Hy as Heilige God en Vader is en hulle wat hom nie ken en eer as God en Vader nie.

Daarom word dit so sterk gestel: God onderskei tussen regverdige en goddelose, want die goddelose regeer Hy deur die straf en oordeel van sy wet, maar vir sy kinders is en bly Hy God met hulle, hulle sien sy aangesig van liefde en trou.

U mag nooit die fout in die Psalms en Profete maak dat die onderskeid so werk: die wat reg doen is regverdiges en die wat verkeerd doen is goddeloses nie.

Die mense wat God in sy genadeverbond insluit, hulle wat hy deur sy krag en liefde versamel uit die goddeloses, hulle van sonde reinig, 'n nuwe hart gee en hulle hart van afgodsdienste verwyder sodat Hy hulle mense laat wees wat Hom kan dien en liefhê, is die regverdiges. (Esegiël 36:24-)

God máák sy kinders sy regverdiges. Daarom verbind hulle hul self aan diens en hulle pos, omdat God hulle vir dy diens reg maak en reg laat wees. Dit is die hart van die evangelie: God se verbond!

13. Hoe regeer God oor hierdie goddeloses wat geweld en korrupsie, die ondermyning van fundamente, as hulle magsmiddel oor die regverdiges sien?

Dit word openbaar met die jagtersbeeld!

Wie jag vir wie?

Die vuur en swaai word in die Hebreeus digterlik voorgestel as “vangnette”, presies dieselfde vangnet waarmee voëls in vers 1 mee gevang word en hulle so verskrik laat opvlieg en wegvlieg.

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

Die vangnette van God oor die goddelose word vuur en swael genoem en ook 'n verskroeiende woestynwind wat alle boerdery gewasse op die lande doodbrand!

So wie is besig om vir wie te jag en wie word in vangnette vasgevang?

Is dit Dawid wat in die goddeloses se vangnet gevang gaan word en daarom verskrik moet vlug? Of is dit die goddelose wat in God se vangnet vasgevang word en deur vuur en swael verteer gaan word?

En nou moet u glad nie aan God se eindoordeel dink nie!

Dit gaan oor die dreigende mag van goddeloses teen die hart van die regverdige – sy amp in en sy diens teenoor die Here hier op aarde!

14. Dit is hoekom Dawid glad nie sy eie situasie sien as 'n vlugsituasie nie!

In sy amp en diens aan God kan hy nie deur die kwaadwilligheid en geweld van goddeloses verdring word nie. Dit is 'n amp en diens teenoor die Heilige!

Die Heilige wat vir hulle wat met geweld en korrupsie hierdie wêreld aan hulle luste wil onderwerp, vasvang in die net van sy gloeiende oordeel: Hy gee hulle oor aan die korrupsie en geweld wat hulle teen die regverdige beplan.

15. Vra ons omstandighede dat ons moet vlug? Vlug uit ons amp en diens teenoor God?

Wie is besig om gejag te word, wie is jagter en wie is prooi?

Wat is stamkapteins?

Betaalde staatsamptenare! Elke klein kaptein, elke maand R 11, 000.00 uit belasting geld wat nie hy, sy stamraad of stamlede betaal nie, maar geskep en betaal word uit onder andere die Levubuvalei se produksie! Hulle is afhanklikes van ons arbeid en belastinggeld. Hoe kan sulkes teenoor ons magtiges wees?

Wat is munisipale rade?

Dit is mense wat geld uit dorpe vat van mense wat belasting betaal en herverdeel in gebiede waar mense nie belasting betaal nie. Mense wat geen dienste kan voorsien nie en die dienste wat nog werk, nie kan onderhou nie.

Wie is die aanvalsmag op Levubu?

Werkloses wat na die demonstrasie weer gedweë kom pleit vir werk of in rye gaan sit om “grands” te kry wat ons arbeid en belasting voorsien! Hoe vlug jy verskrik voor sulke mense?

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

Wie is ons?

Ons is mense wat die Here dien deur elke dag op ons pos te wees en te werk, te produseer en werk te verskaf aan werkloses! Ons is die mense wie belasting betaal!
Ons is die mense wat die regmatige besit van ons grond handhaaf!

Vir wie moet ons vlug?

16. Die skrikbeeld is dat ons moet vlug vir die oprukkende wettelose en gewelddadige massa.

Wie is hierdie massa wat as aanvalsmag gemobiliseer word?

Werkloses wat net in die Levubuvallei en uit die belastinggeld wat hier gegenereer word, of hulle geld of hulle maandelikse “grands” kan kry!

Wie is hulle aanhitters?

Waarskynlik die invloedrykes wat met ons arbeid elke maand hulle salaris van die staat verkry.

Kan hulle ons skade aandoen, ja!

Is hulle 'n mag wat ons uit ons amp en diens kan verdryf sodat ons in berge en grotte ons lewenstaak teenoor God moet versaak?

Nooit!

17. Hoekom nie?

Want God is vir hulle die jagter wat hulle in hulle eie kwaadwilligheid, korrupsie en geweld so gaan vasvang dat God oor hulle soos 'n verskroeiende woestynwind waai.

Wie word vanoggend so vasgevang dat hulle nie kan self kan koop, ry of leef nie?

Wie is opgevang in anargie en anargisme?

Die gebiede wat rassehaat en geweld aanblaas om deel van die belastingplundering te kan bly en self nooit belas te wil word nie!

Wie se watertoevoer uit die damme is afgesny?

Hulle wat anargie aangeblaas het om deel van die belastingplundering te wees!

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

Wie se skole is afgebrand?

Die wat besig is om die magspel te speel dat hulle belasting geld plunder waar dit betaal word, maar nie betaal waar hulle bly en dienste eis nie.

19. Ons mag onself nooit in hierdie oordeel van God oorgee asof ons medeaandadig is en daarom medeskuldig is vir die dra van hierdie oordeel dat God jagter geword het nie.

Dit is die sieklikheid van die Christelike kerke se geestelikheid: versoening tussen “wit” en “swart”!

In hierdie anargie is hierdie geestelikes se enigste oplossing vir die land se geweld en anargie dat “wit Afrikaners” moet met “swartes” versoen. Hulle het dit al weer die drif van hulle geestelike oorheersing van die kerk en land gemaak met planne vir Jeugdag in Soweto!

Ons as gelowiges mag nie meer hierdie mense se geestelikheid glo nie!

Watter mooi vertoning van “wit Afrikaners” saam met swartes, soos hulle self hulle versoening voorhou, gaan enige stamkaptein laat besluit dat hy “kaart en transport”, wettige eienaarskap aan die regmatige eienaars van huise en erwe, gaan toestaan?

Watter innige erediens met mooi seremonies en geestelike vertonings van innighede, gemoedelikhede en welwillendheid tussen “wit Afrikaners” en “swartes”, sal leiers laat besluit om nie meer belastingbetalers se geld te herverdeel aan hulle wat nie belasting betaal nie en dienste te begin finansier vir hulle wat betaal?

Watter mooi getuienisse van “wittes en swartes” oor mooi verhoudings gaan rykes wat nie erfbelasting betaal nie motiveer om nou skielik erfbelasting te betaal?

Dit is geestelike waansinnigheid!

20. Hierdie tipe geestelikheid kan nie maak dat God ophou om te onderskei tussen goddeloses en regverdiges nie. Dit kan nie maak dat God skielik nou tussen wit en swart moet onderskei nie.

Nog erger!

Dit kan nie maak dat God ophou om goddeloses in die vangnette van hulle eie korrupsie en geweld vas te vang op so manier dat daar geen uitkoms uit hulle ellende is nie.

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

Nog minder kan dit maak dat God nou sommer ook omdat jy wit is, jou medeaandadig aan die oordeel van God maak en ook medelyer van sy oordeel maak.

Ons is God se regverdiges! Ons is deur Jesus Christus geregverdig en leef in die geloof van hierdie regverdigmaking! Ons het geen solidariteit met goddelose en wettelose nie. Nog minder enige solidariteit met die oordeel wat God oor hulle bring om hulle binne in hulle eie anargie vas te vang en te verniel.

21. Die antwoord op hierdie oordeel is nie “wittes” en “swartes” wat beter met mekaar oor die weg moet kom nie!

Wie glo dit vir wat hier in hierdie omgewing aan die gang is?

Net hulle wat in lugkastele iewers in stede met eie waanbeelde vir geestelike mag besig is.

Die antwoord is om God se wet te eer! Betaal belasting! Beloon die wat werk en verdien met eiendomsreg!

Die antwoord is om nie die fundamente van die gemeenskap te ondermyn nie, maar om gesag en gesagsdraers te eer!

En dit is wat ons nog die hele tyd doen. Ons het die nuwe owerheid geëer en sal hulle nog steeds eer as 'n regmatige owerheid! Ons betaal belasting soos die Woord van God ons leer.

Ons is juis mense wat die regmatige besit van eiendom gehandhaaf het teenoor die vergryp van die owerheid en mense wat in die grypsug vinnige winste soek het.

Hoe kan ons onself nou as medeskuldig aanmeld vir die ellende van hulle wat hierdie fondament ondermyn het en nou in God se vangnet verstrengel raak?

Wie is hierdie geestelikes om ons so te minag elke keer as hulle hul “wit en swart” versoening wil bedryf?

22. Ons skuil by die Here en bly op ons pos!

Dit is tog die geloof waaruit ons die vrymoedigheid gehad het om ons eiendom teen hierdie plunderbende te beskerm. Ons het ons nog nooit gesien as wit geweldenare wat “swartes” moet beveg nie. Daar was geen openlike wapen demonstrasie by die

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

boere wat net hulle bakkies langs die pad na Levubu saam met die polisie parkeer het om ons eiendom te beskerm nie.

Wat het ons gemaak na die “aanvalsmag” verdaag het voor hierdie teenstand?

Elkeen het na sy werk terug gegaan en weer op sy pos gaan staan om voedsel te produseer en met die lewe en besigheid aan te gaan!

Hoekom?

Want ons skuil by die Here en bly op ons pos. Nooit vlug ons soos verskrikte en beangste patryse voor die skrikbeeld van anargiste nie! Ons ken die vangnet van Hom wie goddeloses en wetteloses haat en ons ken die liefde van Hom wat ons geregverdig het in Jesus Christus!

En betaal en belasting en handhaaf ons eiendomsreg!

23. God se vangnet en woestynwind waai nie net oor die gemeenskap waarin die fundamente ondermyn is nie.

Dit waai ook oor die kerk waarin die fundamente van die kerk van die Here deur sogenaamde bemaagtigde geestelike leiers ondermyn word.

Die wie hulle self gesien het as geestelike leiers van die nuwe nasie is op die oomblik elkeen in die verleentheid oor hierdie vangnet en woestynwind van God wat oor geestelikhede en die land waai!

Hulle het met hul “wit” en “swart” versoening geglo hulle is nou die nuwe nasie se profete. Maar God het hulle in ’n vangnet gevang waarin die regering hulle gewoon net uitgestoot en geminag het. Nou is hulle sonder enige gemeenskapsposse en mag.

God het hulle ook in hul eie anargie oorgegee. Vir meer as dertig jaar het hulle lidmate geleer dat net geloof bepaal lidmaatskap van die kerk, geen kultuur of ras nie. Hulle het geleer dat geen lidmaat homself op enige ander manier as lid van die kerk kan identifiseer as net ’n gelowige nie.

Nou dat hulle deur die regering gemarginaliseer is, roep hulle skielik dieselfde lidmate op om hulle self tydens die politieke Jeugdag viering in Soweto in die hitte van die verkiesingstryd aan te meld as “wit Afrikaners”. Predikante wat leer jy mag jouself as Christen nooit so sien nie, roep jou op om jouself in Soweto so aan te meld en die simbole van die bevrydingsbewegings, die 1976 onluste verset, die

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

Hector Pieterse monument en die Regina Mundi kerk as verset simbole te kaap vir 'n geestelike verset beweging teen die regering!

Predikante wat lidmate nie meer oproep as geregverdigdes sonder kleur of kultuur nie, maar as wit Afrikaners vir versiening met swartes! Verbitterde geestelike leiers wat politieke simbole wil kaap as nuwe geestelike simbole van hulle vroomheid.

Elkeen wat op hierdie wyse die fundamente van kerk en regering wat nog oor is, sal deur die vangnet en woestynwind van God verskroei word. Geestelike anargie teen 'n regering al maak dat god jou verniel as deel van sy oordeel oor die wetteloosheid van goddeloses – in en buite die kerk!

Kom ons skuil by God en bly op ons pos! Kom ons leef in die geloof van die regverdiges!

Werk en betaal belasting! Werk en eer gesag!

Liturgie, Bybeluitleg en toepassing

- Liturgie: 1. Ps. 91 3 verse tweede melodie, evangelie lesing 2 Kor. 5: 16 – 21; 2. 489 2 verse Wetslesing Ex. 20; 3. 505 4 verse Skriflesing en preek 4. Ps. 5 5 verse.
- Psalm gaan weer oor die spanningsvolle verhouding tussen regverdiges en goddeloses.
- Die eerste versreël is 'n kort maar omvattende geloofsbelydenis van vertroue in die voorsiening sorg van God. Dit is ook die samevatting van alles wat oor God in hierdie Psalm bely word.
- Die teenstelling gaan oor uitkoms in vlug of in God se voorsienigheid.
- Die voël hier verwys na 'n patrys soos duidelik is uit 1 Sameul 26: 20.
- Die beeld wat vir die gelowige geskep word oor sy omstandighede is die van angstige verwarring in die beeld van verskrikte voëls. Vlug dui op hierdie manier waarop 'n voël fladderend vlieg wat deur 'n jagter met vangnet gejag word.
- Van vlakte na bergwoude, vir mense grotte en spelonke...
- Calvyn: maak nie saak hoe verskrik die goddeloses ons maak nie, ons bly altyd op ons pos waar god ons vir Hom diensbaar laat wees.
- Vlug het ook die verwysing om swerwer te word, rond te swerf weg van waar jy moet tuiswees.
- Die goddelose sien hulle self as jagters van gelowiges, en gelowige as verskriktes wat voor hulle sal uitvladder.
- Die rede vir hierdie magsbeeld is hulle gebruik van geweld.
- Die regverdige is hy wat deur God se verbondsgenade aan die wette van die Here verbind is in sy diens en toewyding aan God.

Die Here se oordeel oor goddeloses in hierdie wêreld maak dat ons gelowige in ons amp en diens vir God kan staande bly

- Oprek is die geloofsgehoorsaamheid waarin die regverdige sy verbondsposisie in God se genade en voorsienigheid aanvaar.
- Verraderlike geweld, geweld as doel met ander voorwendsel.
- Fondamente is die steunpilare van 'n geordende gemeenskap: 'n gemeenskap waarin regverdige mense sorg vir die reg en orde van die gemeenskap.
- Die ondermyning dui op die aanstel van goddeloses in gemeenskapsposisies.
- Verse 2 tot 3 is die redes wat aangevoer word vir die regverdige om angstig op die vlug te slaan.
- Onmag van gelowige beteken oorhand vir goddelose.
- Die werklike onderskeid gaan oor God wat haat en God wat liefhet.
- Dit is die onderskeid tussen hulle wat moet vlug en hulle wat veilig is: wat god met hulle doen, nie wat mense vir mense beplan nie.
- God is op twee verskillende wyses teenwoordig: in sy heilige tempel en op sy troon in die hemel, dit is die twee wyses waarop God vir regverdiges en goddelose in die wêreld teenwoordig is.
- Troon dui hierdie op die volmag en almagtigheid waarmee God voorsienig alles volgens sy wil laat gebeur in die wêreld.
- Goddelose bedryf geweld met woord en daad, en is waarskynlik self aan die woord in vers 1.
- God wat laat reën is God wat geweld straf in hierdie wêreld. Hulle word in God se vangnette gevang.
- Haat verdelg.
- Teenoor die onmag van regverdige teenoor geweld staan die onmag van goddelose teen die gloeiende woestyn wind van God self.